GKSA NUUSBROKKIES

Sondag 23 Februarie 2020

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore en eggenotes met hul verjaarsdae

21 Februarie	Ds JG Tredoux (Jacques) – GK Pretoria-Brooklyn
21 Februarie	Mev L Potgieter (Liezl), eggenote van ds ID de V Potgieter (Danie) – GK Rietvallei
22 Februarie	Mev MME Nel (Manda), eggenote van ds PJ Nel (Johan) – GK Akasia
23 Februarie	Ds JE Franck (Blok) – GK Ladysmith
23 Februarie	Mev L Lemmer (Liza), eggenote van ds CJ Lemmer (Jaco) – GK Buffeldoorns
24 Februarie	Ds HM Stavast (Herman) – GK Piet Retief
24 Februarie	Ds FG Lee (Hardus) – GK Derdepoort
24 Februarie	Mev D Muller (Desireé, eggenote van prof DF Muller (Francois) – TSP
26 Februarie	Ds J van Schaik (Joop) – GK Randburg
26 Februarie	Ds PR Gouws (Retief) – GK Dendron/Magalakwin
27 Februarie	Ds LSD du Plessis (Lourens) – GK Groblersdal

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaarsdae

21 Februarie	Ds FJ du T Lessing (Francois) – GK Nelspruit
21 Februarie	Mev LL van der Walt (Lourika), eggenote van ds PJ van der Walt (Peet) – GK Ladybrand
22 Februarie	Mev E Breed (Elize), eggenote van dr DG Breed (Douw) – GK Waterkloofrand
23 Februarie	Ds J Botha (Johan) – GK Laeveld
23 Februarie	Mev E Hendricks (Etresia), eggenote van ds MP Hendricks (Tenie) – GK Paarl
23 Februarie	Prof GJC Jordaan (Jorrie) – TSP

24 Februarie	Ds JJ de Kock (Kobus) – GK Oranjerivier
25 Februarie	Ds MJ Smidt (Tinus) – GK Ficksburg
26 Februarie	Prof CJH Venter (Cassie) – GK Stellenbosch
28 Februarie	Mev MM van der Walt (Rita), weduwee van ds A van der Walt (Arrie) – GK Stoffberg
28 Februarie	Ds PA Venter (Piet) – GK Linden
28 Februarie	Ds CS Grobler (Fanie) – GK Stellenbosch
28 Februarie	Mev HH Coetzee (Heleen), eggenote van ds PA Coetzee (Peet) – GK Potchefstroom

Hartlike gelukwense aan die volgende teologiese student met sy verjaarsdag

28 Februarie Jandré Coetsee

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Gelukwense aan

Ds Jacques en Idalé Tredoux van GK Pretoria-Brooklyn met die geboorte van hul dogtertjie.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroep ontvang

- Ds PGP le Roux (Pieter) van GK Wonderboompoort na GK Totiusdal

TOERUSTING VAN PREDIKANTE (KERKLEIERS) IN AFRIKA (TOPIA)

Vir ons as kerke staan God Drie–enig se eer voorop. Die vermenging tussen die heidendom en die Christendom in baie kerke in Afrika is nie tot sy eer nie. God roep ons as kerke om die snelgroeiende kerke in Afrika te ondersteun om Bybelgetrou en tot sy eer God se koninkryk ‘n realiteit te maak. Een van die groot oorsake vir die sinkretisme in die kerke in Afrika, is dat 90% van die herders van hierdie kerke min tot geen opleiding het, en dit is waar TOPIA ‘n verskil wil maak. TOPIA fokus op die toerusting van die herders van die kerke in Afrika sodat hulle Bybelgetroue voorgangers kan wees. Ons aanvaar hierdie roeping in nederige afhanklikheid van die Heilige Gees en stuur vir die doel ‘n sendeling uit met die spesifieke opdrag om

kerkleiers in Afrika Bybelgetrou toe te rus, om toerusters en fasiliteerders wat kerkleiers oplei, te ondersteun, adviseer en toe te rus en om kerke te inspireer en toe te rus om self kerkleiers in Afrika toe te rus. So wil ons ook in gehoorsaamheid aan God se roepstem, meewerk om die missionêre ywer in ons kerkverband te bevorder. GK Rietvallei, saam met Gereformeerde Kerke Koster, Krokodilrivier, Pretoria-Montanapoort, Rooihuiskraal, Rustenburg-Wes en Wapadrant is by hierdie bediening betrokke. **Die kerke, saam met ander belangstellende kerke en individue vergader om 08:00 op Saterdag 29 Februarie 2020 by die Gereformeerde Kerk Rietvallei.**

Die doel van die vergadering is om deur die sendeling, Ds. Johannes Aucamp, ingelig te word oor sy dienswerk en die uitdagings verbonde daaraan.

Alle kerke in die kerkverband is welkom om hierdie vergadering by te woon. Bevestig asseblief teenwoordigheid by Ds. Aucamp (selfoon 072 815 7375 / johannes@topia.org.za) of Oudl. Klaas Steyn (selfoon 071 471 4930 / skriba@gkrietvallei.co.za)

PROPONENTE BEROEPBAAR GESTEL

Proponent R Steyn (Ruan)
Sel: 072 818 4439
E-pos: steyn.ruan1@gmail.com

Ruan en Zonika

Proponent J van Schaik (Hanno)
Sel: 072 105 3961
E-pos: hanno1463@gmail.com

Hanno en Lizaní

Proponent GJ Venter (Jonker)
Sel: 082 566 3216
E-pos: venterjonker@gmail.com

Jonker en Erika met Alexander en Clarinda

Proponent P Mkupa (Phumlani)
Sel: 078 335 8753
E-pos: phumlanimkupa88@gmail.com

Beroepbaarstelling van ds MJ Nkili ingevolge KO, art 11
Ds MJ Nkili (Jafta)
Sel: 086 636 8212 / 076 489 8601
E-pos: nkilijafta@gmail.com
Beroepbaarstelling is geldig tot 31 Augustus 2020

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS [TOIBO]

Agtergrond
Die Instituut is gestig op 13 Maart 1947. Die doel was om ‘n skool vir dowes te begin vir kinders in die noorde.

Die eerste skool wat gestig is, was die Transoranje-skool vir Dowes, op 16 Augustus 1954. Dit was egter duidelik dat die Instituut ook ander skole sou moes open vir kinders met ander gestremdhede.

Die huidige Instituutskole is die volgende:

- Transoranje-skool vir dowes (Pretoria-Wes)
- Prinshofskool vir Gesiggestremdes (Sentrale sakegebied van Pretoria)
- Sonitusskool vir Gehoorgestremdes (East Lynne, Pretoria)
- Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid (Jan Niemandpark (Pretoria)
- Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes (Bloemfontein)

Doel
Sedert die stigting van die eerste skool in 1954 ondersteun die Instituut die skole finansieel en kon derduisende kinders met gestremdhede onderrig van hoogstaande gehalte ontvang. Hierdie kinders kom van oral in die land en baie van hulle woon in die koshuise by die skole. Die huidige leertal is 1 850.

Die Instituut funksioneer onafhanklik van die vyf skole en ondersteun die skole finansieel deur kwartaalliks ‘n toekenning aan die skole te maak vir ondersteuning aan die minderbevoorregte kind. Die toekennings word gemaak nadat behoeftes bevestig en geprioritiseer is. Die aanwending daarvan word gemonitor en projekte word doelgerig bestuur.

Bestuur
Die dagbestuur van die Instituut bestaan uit drie lede wat verantwoordelik is vir die dag-tot-dag-bedryf. Die uitvoerende komitee (besluitnemingsgesag) bestaan uit die lede van die dagbestuur en die hoofde van die vyf skole.

Die ledevergadering vind gedurende Mei van elke jaar plaas en word bygewoon deur sinodale verteenwoordigers van die drie susterkerke en ‘n verteenwoordiger van elke skool se Beheerliggaam.

Die Instituut het slegs een voltydse amptenaar, naamlik die uitvoerende beampte, wat verantwoordelik is vir die totale administratiewe, finansiële en fondsinsamelingsfunksie.

Inkomste vanaf stigterslede en hul gemeentes

Naam	2015	2016	2017	2018	2019	TOTAAL
GKSA	362 466	386 044	469 245	335 684	343 302	1 896 741
NG Kerk	265 885	268 783	195 369	152 655	147 254	1 029 946
NHKA	127 666	74 175	120 649	149 770	153 810	626 070
TOTAAL	**756 017**	**729 002**	**785 263**	**638 109**	**644 366**	**3 552 757**

Die GKSA bly die grootste bydraer tot die fondse

Opregte dank aan die onderskeie Streeksinodes en hul gemeentes wat die Instituut oor soveel jare ondersteun het. Dit is egter ons droom dat elke Streeksinode en hul onderskeie gemeentes betrokke sal bly by hierdie saak. Sonder u finansiële ondersteuning sou duisende kinders nie hul drome kon bewaarheid nie

Vir nog meer inligting besoek die webwerf by: www.toibo.org.za



FONDSINSAMELINGS / FUNKSIES / FEESVIERINGE

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Ek is die Here jou God,
Ek vat jou hand,
Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie,
Ék help jou.
Jesaja 41:13